# MOONTLIKE TAAKOPDRAGVRAE (PROJEK) NA AANLEIDING VAN 'N BESOEK AAN DIE PIONIERS-OPELUGMUSEUM TE SILVERTON, PRETORIA (STANDERD 6)

*N Dreyer — Superintendent van Onderwys (TOD)*


1. **VOORBEREIDENDE HUISWERK**

1.1 Kalkeer 'n kaart van Transvaal (uit jou handboek) en dui die volgende daarop aan:

Limpoporivier, Vaalrivier, Potchefstroom (aangelê 1838), Ohrigstad (1845), Lydenburg (1848), Schoemansdal (1848), Rustenburg (1851) en Pretoria.

1.2 In watter jaar is die dorp Pretoria aangelê?

1.3




Pretoria is met poorte deur die Magaliesberge met die res van Transvaal verbind. Die pionierswoning is geleë net suid van die pad na Oos-Transvaal en oos van die Moreletaspruit. Teken die plaas op die plan in. Gebruik 'n rooi ingekleurde vierkant.

2. **WAARNEMINGS- EN BEREDENERINGSVRAE TYDENS BESOEK**

2.1 Waarom is die eendehok op 'n eiland in die dam?

2.2 Lees die onderstaande paragraaf, neem die gebou waar en beantwoord die vrae.

Die mure is op die volgende wyse gebou:

Miershope en grond is gebrei en getrap en die kleimassa is in 'n bekisting gegooi van twee planke wat parallel teenoor mekaar direk op die grond neergesit is. Na 'n paar dae toe die kleimengsel redelik afgedroog het, is die plankbekisting boontoe geskuif en die volgende laag klei is ingegooi.

2.2.1 Waarom is die mure onder dikker as bo?

2.2.2 Waarom is die gebou nie honderd persent haaks nie?

2.2.3 Waarom is houtluike voor die vensters gebruik?

2.2.4 Met die feite in die bogaande paragraaf verstrek in gedagte, hoe is die vloer gemaak en daarna afgewerk?

2.2.5 Teken 'n vryhandgrondplan van die huis. (Gebruik ongeveer 'n vier-reël-spasie).

2.3.1 Wat besonders merk jy op van die stoele en bank in die woonkamer?

2.3.2 Waar in die woonkamer is die kalender?

2.3.3 Hoe het die inwoners daarin geslaag om begrip van tyd te hou sonder 'n gedrukte kalender van 'n sekere jaar?

2.4.1 Watter belangrike kamer (aan vandag se standaarde gemeet) kom glad nie in die huis voor nie?

2.4.2 Watter ander geriewe en voorwerpe is toe in die plek van die kamer wat ontbreek gebruik? Noem minstens vier.

2.5.1 Watter onmisbare voedselsoort verskyn daagliks op ons tafels en was vroeër nie eers in die kombuis berei nie?

2.5.2 Waar is dit van wel berei?

2.6.1 Die kombuis van die pionierswoning is seker die vertrek wat die meeste van die van vandag verskil. Noem in 'n tabel **vyf** voorwerpe wat jy sien en daarnaas die moderne gerief wat dit vervang het, byvoorbeeld:

| | | |
|---|---|---|
| 1. | ketel | Elektriese ketel |
| 2. | wasbalie | |
| 3. | | ens. |

2.6.2 As 'n inmaakfles wat drie kwart vol suur room aan jou gegee word, hoe sal jy daarvan botter maak?

2.6.3. DOGTERS
- soek 'n resep vir die bak van brood en skryf dit neer.

SEUNS
- hoe word biltong gemaak. Gee volle besonderhede.

2.6.4 Wat word die voorwerp wat in die kombuis staan en hier langsaan afgebeeld is, genoem?

2.7 'n Unieke en buitengewone kenmerk van die pionierswoning is die vuurmaakplek waar die es nie die gewone hoogte van ongeveer 75cm het nie maar van hoogstens 10 cm.

2.7.1 Hoe het dit die taak van die huisvrou bemoeilik?

2.7.2 Was is 'n es?

2.7.3 Waarom is die es moontlik nie hoër gebou nie?

2.8.1 Waarmee is die kussings opgestop?

2.8.2 Waarvandaan en hoe het die huisvrou dit verkry?

2.8.3 Waarmee is die matrasse opgestop?

2.8.4 Wat is die beddens destyds genoem?

2.9 Die kruietuin was vir die huisvrou baie belangrik. Dit het geur, kleur en s.... aan die eentonige dieet van styselkosse en v.... gegee byvoorbeeld a...saad in koek en beskuit, balsemkruid, foelie en roosmaryn in vis en vleis, p........lie en tiemie in sop en koljander en kn....l in 'n verskeidenheid vleisgeregte. Daar was wilde-als en boegoe wat bestanddele van talle boererate teen s.... was.


2.9.1 Skrywe een boereraat volledig neer en noem waarvoor en hoe dit gebruik is.

2.10 Waarvan is asyn gemaak?

Lees die een vrugtesoort af van die inligtingsbord en noem nog een.


2.11.1 Wat is die voordeel van die materiaal wat vir plafonne in die buitegebou gebruik is?

2.11.2 Waarom is die vloer van die perdestal van ronde spoelklippe.



2.11.3 Kyk na die skets van die buitegebou
- Wat is A en wat is die doel daarvan?
- Wat word B genoem bokant die deure?


2.11.4 Hoe verskil die bouwyse van die buitegeboue (opgerig na 1880) van die van die huis (gebou 1848)? Verwys na die lateie en boumateriaal.



2.12 Voltooi die blokkiesraaisel deur die idiome/-spreekwoorde in verband met die plaaslewe te voltooi:

**Dwars:**

1. Sy sit op die ________ (Sy is 'n oujongnooi).
2. Hy is 'n regte ________ (Hy is baie stadig).
3. Nog in die ________ lê (Nog in die bed wees).
4. Lyk of hy nie ________ kan sê nie (Sedig of skroomvallig wees).
5. So ________ soos 'n kers (Baie regop).
6. Iemand oor die ________ haal (Hom berispe).




**AF:**

1. Die ________ die kuns afvra (Probeer die geheim uitvind).
7. Die perd wat die ________ verdien kry dit nie altyd nie (Die persoon wat dit verdien kry selde die beloning).
8. Soos 'n ________ wees (Rats wees).
9. Dis so maklik soos botter en ________ (Baie maklik). Skryf die woord agterstevoor in.
10. hand aan die ________ slaan (Begin werk).
11. Hy is 'n regte droë ________ (Sonder lewe, so droog).
12. 'n Halwe ________ is beter is 'n leë dop (Iets gering is beter as niks).

3. **NAVORSINGSVRAAG**

In een van die buitekamers sal jy die kakebeen van 'n dier sien en aan die oostekant van die terrein staan 'n ou transportwa waardeur 'n boom gegroei het! Kyk na die twee voorwerpe, lees in die Afrikaanse Kinderensiklopedie (1969) deel 2, bladsy 159 die deel oor die kakebeenwa en beantwoord die volgende vrae:

3.1 Waarom is die wa van die Voortrekkers die kakebeenwa genoem?

3.2 Waarom het die grootmense toegelaat dat die seuns met 'n kakebeenwa speel?

3.3 Hoe het die wiele van die kakebeenwa van ander waens verskil?

4. **GROEPWERK (TWEE TOT VYF LEERLINGE) GEDURENDE 'N LESPERIODE**

Julle is 'n gesin van ses wat die Kaapkolonie in 1837 met twee waens verlaat het.

Die waens was swaar gelaai met gewere, lood en ongeveer 100 kg. kruit, klerasie soos mansklere en materiaal vir onder andere rokke; beddegoed; voedselware soos koffie, tee, suiker, sout, droë vrugte en meel; kookgereedskap soos potte, panne, emmers en bekers; implemente soos byle, grawe, pikke, 'n ploeg en ploegskare; meubels soos stoele, kiste en klein tafeltjies; saad, vrugtebome, plante en tabak; alles wat nodig was vir die waens, beeste en perde soos rieme, skeie en saals; gereedskap soos 'n blaasbalk, skroewe en hamers. Alles wat julle op jul lang reis nodig sou kry!

Na 'n jaar kom julle in die landstreek waar julle jul wil vestig en nou moet julle vir julself heelparty belangrike vrae beantwoord:

4.1 Wat moet julle in aanmerking neem by die keuse van 'n plaas? Noem drie.

4.2 Waarna moet julle spesifiek kyk by die keuse van 'n plek vir die opstal? Noem drie.

4.3 Watter een van die volgende groot take gaan julle eerste aanpak en waarom?

- landerye gereed maak vir ploeg en plant
- die oprig van 'n permanente woning
- 'n klipmuur op die plaasgrens pak
- kamp opslaan en 'n handelspos opsoek om die nodige te ruil?

4.4. Nadat op die eerste taak besluit is, in watter volgorde is die res aangepak?

4.5 Watter produkte/artikels is deur julle gekoop en waarom juis die wat jy noem?

4.6 Waarmee is die smous vir die produkte/artikels vergoed?

4.7 Aan watter voedselsoort het julle nooit 'n gebrek ondervind gedurende jul lang reis nie?

4.8 Was daar die moontlikheid om voedsel van die swart inwoners te ruil? Indien julle dink dat dit moontlik was, watter produkte kon dit gewees het?

4.9 Watter boumateriaal wat vir die huis nodig was, moes gekoop word?

4.10 Sou julle sê dat die pionierswoning luuks was in sulke omstandighede? Wat is jul siening nou oor hul leefwyse?

5. **KONTEMPORÊRE TOEPASSINGSVRAAG** — UITDAGINGSVRAAG

As jy vandag in 'n situasie beland waar jy vir jou lewe moet vlug, wat sal jy saamneem ter wille van oorlewing en hoe sal jy dit aanwend en gebruik om so lank as moontlik uit te hou?

Beantwoord die vraag in ongeveer 8 reëls.

Hierdie wye keuse van moontlike werkopdragte of projekvrae kan na willekeur gebruik word saam met oorspronklike en stimulerende vrae deur die onderwyser opgestel na 'n besoek aan die Pionierswoning.

**ANTWOORDE:**

1.2 1855.
2.1 Wilde diere vang eende, ens.
2.2.1 Die onderste lae was nie heeltemal droog. Die gewig van verdere lae het die mure laat uitsak.
2.2.2 Met rieme gemeet, nie moderne maatbande, ens.
2.2.3 Geen glas, veilig, ens.
2.2.4 Meng miershoop en grond, later beesmislae bo-oor.
2.3.1 Riempies, handgemaak.
2.3.2 Langs die voordeur.
3.3.3 Met drie houtpennetjies is kalender gehou deur elke dag die dagpen te skuif, elke week die weekpen en elke maand die maandpen.
2.4.1 Badkamer.
2.4.2 Wastafel, lampetbeker, waskom, seepbakkie, pot, kleinhuisie.
2.5.1 Brood.
2.5.2 Buitebakoond.
2.6.2 Skud die bottel.
2.6.1 Koffiestamper — stamper en blok.
2.7.1 Moes laag buk, op knieë staan.
2.7.2 Vuurmaakplek, gewoonlik 'n kaal opgeboude verhogie.
2.7.3 Omdat die dak laag is.
2.8.1 Vere.
2.8.2 Gansdons gepluk.
2.8.3 Mielieblare.
2.8.4 Katel.
2.9 Smaak, vleis, anyssaad, pietersielie, knoffel, siektes.
2.10 Perskes, druiwe, appelkose.
2.11.1 Hou kamer koel, veral onder sinkdak, ens.
2.11.2 Trap nie uit nie.
2.11.3 Steunmure om mure te stut, ook steunbere genoem. Latei.
2.11.4

| **1880** | **1848** |
|---|---|
| Klip | Klei |
| Sement | Klei |
| Sementlatei | Houtlatei |
| Sink | Gras, ens. |

2.1.2

| **Dwars** | **Af** |
|---|---|
| 1. bakoond | 1. boer |
| 2. harmansdrup | 7. hawer |
| 3. vere | 8. voorslag |
| 4. pruim | 9. brood |
| 5. regop | 10. ploeg |
| 6. kole | 12. eier |

3.1 Die vorm van die wa se houtsykante, die leer van die wa genoem.
3.2 Dit verwys na die speelding, die dierekakebeen wat die seuns as hul wa gebruik het.
3.3 Kommetjiewiele. Die speke loop effens na binne na die naaf.
4.1 Geskikte landbougrond, weiding, koelte en beskermende bome, water, ens.
4.2 Windbeskerm, water, waterafvloeiing, bereikbaarheid, ens.
4.5 Tee, koffie, suiker, materiaal, naald, garing, ens. Kan nie self fabriseer, nie winkels langs pad.
4.6 Velle, ivoor, soms geld.
4.7 Vleis (melk, botter).
4.8 Ja. Sorgum, pampoene, boontjies, mielies.
4.9 Planke vir deure, ens.